# REVIEWS/RESENSIES

*Tucker, E M M: Britain 1901-1970 (History Stimulus Questions).*
*London, Edward Arnold, 1978, viii + pp. 77,*
*Illus., R6,65*

Hierdie tipografies goed versorgde werkie bevat uittreksels uit 'n verskeidenheid historiese bronne: toesprake, literatuur, letterkundige bronne, koerantartikels, grondwette, foto's, spotprente en aanplakbiljette asook kaarte. Na aanleiding van die bepaalde historiese bron(ne) word dan telkens hoogstens nege vrae gestel met die doel "(to) acquaint students with some of the sources upon which historical knowledge is based". Volgens die skryfster beteken dit voorts dat die student hierdie aangebode getuienis krities moet benader om sodoende ook die probleem van vooroordeel te leer hanteer.

Dié sewe dekades Britse geskiedenis word in twintig hoofstukke, wat elkeen weer onderverdeel is, behandel. Die eerste agt hoofstukke volg 'n chronologiese uiteensetting, terwyl in die res van die boekie bepaalde temas aangesny word.

As stimulerende onderrighulpmiddel kan hierdie werk beslis nuttig en verrykend gebruik word. Die vragies omvat 'n wye verskeidenheid: dié wat regstreeks aan die hand van die gegewe fragmente en/of illustrasies beantwoord kan word; dié wat aanvullende naslaanwerk vereis; en dié waarin 'n bepaalde evaluering van die student vereis word.

Daar kan egter twee besware geopper word. Omdat die ganse politieke, militêre en sosiaal-ekonomiese geskiedenis van sewe dekades bestryk word, is die uittreksels uit die bronne soms redelik kort en beperk dit die moontlikhede vir betekenisvolle kontekstuele vrae.

Voorts kan talle van die vragies eintlik sonder enige verwysing na die uittreksels en/of illustrasies beantwoord word. So, byvoorbeeld, word in hoofstuk 6 ("Political Extremes 1918-39") onder die subhofie "The Fascists" 'n verslag uit **The Times** (8.6.1934) asook 'n foto van 'n Fascistiese byeenkoms in 1937 aangebied. Die volgende vraag word dan onder andere gestel: waarom het sir Oswald Mosley die Britse Unie van Fasciste gestig?

Nogtans bied hierdie boekie heelwat prikkelende gedagtes vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenisonderwyser asook -dosent. Indien dit oordeelkundig gebruik en aangepas word, behoort dit ongetwyfeld mee te help om die versmorende ballas van Geskiedenisonderrig minstens gedeeltelik, indien nie geheel en al nie, oorboord te gooi: die uitgewerkte en gememoriseerde lang vraag.

*A. Appel*
*Universiteit van Port Elizabeth.*

*Esterhuizen, S J en Gunning, NR 1982: Veelkeusige vrae: Objektiewe toetse — Standerd 10: Perskor, pp. 105, R6,50*

Hierdie handige stel veelkeusige vrae toets die leerlinge se vordering soos die outeurs in hul voorwoord bedoel. Die vrae is duidelik gestel, relevant tot die leerinhoud en goed versprei oor die sillabus.

Die skrywers het daarin geslaag om vrae oor die belangrikste feite te stel en sluit vrae in wat begrip en insig toets. Die skrywers kan gerus daaraan dink om meer statistieke, kaarte, spotprente, aanhalings, prente en diagramme in 'n herdruk by te voeg. Daar word soms op onbelangrike feite, datums en getalle klem gelê soos die vrae wat handel oor die foto op bladsy 62.

In die geheel gesien is dit egter 'n verdienstelike werk wat onderwysers en leerlinge handig sal vind wanneer hersiening gedoen word. Ons stem met die skrywers saam dat veelkeusige vrae die beste tipe objektiewe kortvrae is en daarom hinder dit nie dat ander tipe kort vrae nie in die werk ingesluit is nie. Ons kan dus aanbeveel dat die boek tot beskikking van alle leerlinge in al die vrskillende onderwysdepartemente gestel word.

*C Oosthuizen*
*(Departement van Onderwys en Opleiding)*

*Pakenham, Thomas 1981: Die Boere-oorlog. Johannesburg: Jonathan Ball Uitgewers. pp. 702, R25,00*

Die Anglo-Boere-oorlog van 1899 — 1902 hou deur al die jare nog steeds 'n besondere bekoring in. Letterlik miljoene uitsprake is daaroor gelewer en baie skrywers, onderlê in die kuns of nie, het hul hande aan 'n weergawe daarvan gewaag. Sommige was erg oordrewe tendensieus van aard. Ander was weer die resultaat van waardevolle navorsingswerk oor 'n verskeidenheid aspekte van gebeure en verloop van die Oorlog wat in akademiese werke neerslag gevind het.

Thomas Pakenham het met 'n heel frisse benadering 'n brug tussen populêre weergawe en akademiese navorsing geslaan. Sy skitterende werk oor 'n "uitgeskryfde" onderwerp breek 'n nuwe dimensie in geskiedskrywing oop. "Die Boere-Oorlog" is die resultaat van agt jaar se uiters noukeurige en omvattende navorsing. Die kwaliteit van Pakenham se werk lê veral in twee faktore opgesluit.

Enersyds is daar die kwalitiet van sy navorsing. Hy gebruik eerstehandse en hoofsaaklik ongepubliseerde berigte. Oorspronklike dokumente is deeglik gefynkam. Hy put ryklik uit private geskrifte wat hy persoonlik opgespoor het. Hy gebruik byvoorbeeld verlore krygsbriewe van Sir Redvers Buller wat vir baie jare onder 'n biljarttafel in Buller se huis in Devon gelê het. Hy het 'n geheime joernaal van die Britse Militêre Inligtingsdiens opgespoor. Hy gebruik honderde briewe en dagboeke van Britse soldate waarop hy vir die eerste keer afgekom het.

Andersyds is daar sy besondere skryfstyl. Dit word op so 'n wyse aangebied dat selfs 'n leek behae daarin sal skep om dit te lees. Sy aanhalings uit bronne is hoofsaaklik nuut en effektief. Dit is geensins 'n kroniekagtige verhaal van die Oorlog nie. Pakenham het 'n besondere aanvoeling vir die pittige en gebruik aanhalings uit persoonlike briewe op hoogs effektiewe wyse.

Pakenham se werk is 'n monument vir geskiedskrywing. En die wonder van sy boek lê dáárin dat enige leser dit kan geniet. Dit is beslis nie net vir navorsers en historici bedoel nie.

Dié boek word baie sterk aanbeveel vir studente, onderwysers en dosente. Dit is nie net alleen 'n nuutkyk na die Anglo-Boere-oorlog nie; dit is 'n totale omwenteling in die tegniek van geskiedskrywing.

*AJ Posthuma*
*(Kollege vir Verdere Opleiding)*